

Strategie teen Snywurms

Dr Gerhard H Verdoorn

Rentmeesterskap en Operasionele Bestuurder, CropLife Suid-Afrika

Die jaar 2020 sal seker nooit in die geskiedenis van die mensdom vergeet word nie. Die nuwe SARS-virus wat beter as die Covid-19 virus bekend staan het die wêreld soos 'n bom getref en die lewenswyse van meeste aardbewoners totaal verander. Dit het ook die wêreld ekonomie amper 'n doodslag toegedien met duisende kleiner en selfs groot besighede wat soos mis voor die son verdwyn het. Verstommend was dit dus dat die Suid-Afrikaanse landbousektor 'n ongelooflike produktiewe 2020 beleef het met rekordoste, rekorduitvoere en omtrent die enigste sektor van die ekonomie wat gegroei het. Daar is weliswaar plekke soos Boesmanland en die Oos-Kaapse Karoo waar dit nog krities droog is, maar die somerreënvalstreek se kontantgewasboere het 'n uitskieterseisoen beleef. Tog, soos die lewe maar werk, was daar etlike ernstige uitdagings wat die soet van 'n goeie seisoen amper versuur het. Die snywurm wat by alle boere as standaardplaag in feitlik alle gewasse bekend is, het sy lelike tande in November vir mielieboere gewys en aanplantings lelik geknou. Mielieboere is onverhoeds betrap en sommige moes 'n baie groot persentasie van hulle landerye oorplant.

Die kern van die probleem

Daar is baie teorieë oor die skielike en onverwagse snywurminval. As mens egter na die oorsprong van die probleem soek, lê dit nie by weer of reën nie, maar by bewerkingspraktyke wat gunstige toestande vir wurmplae skep. Bewaringsbewerking is 'n groot bonus vir grondbewaring en

saam met GM-gewasse wat die BT-gene en glifosaatweerstandgene bevat, is boere se kommer oor onkruid en peste soos die stamboorders en herfskommandowurms so te sê vergete. Tog is daar ander faktore wat in ag geneem moet word want sommige plaagspesies soos die snywurm word nie deur die BT-gene in stapelgeenmielies beheer nie. Verder is bewaringsbewerkingspraktyke baie gunstig vir die snywurm omdat hy onder die grond leef en homself amper teen plaagbeheeraksies daardeur verskans. Plantreste wat bo-op die grond lê en nie soos met normale ploeg en dis ingewerk word nie, bied ook veilige en knus oorwinteringsplek aan sommige insekspesies, soos selfs die stamboorder. Normale diep ploeg en disbewerking dolwe die grond om, begrawe plantreste onder die grond, vernietig in 'n groot mate eiers en larwes van wurmplae en spore van plantpatogene en begrawe ook onkruid weg van sonlig waar hulle nie verder kan oorleef en voortplant nie. Met bewaringsbewerking bly plantreste oor en onkruid word chemies doodgespuit. Die norm is deesdae om net voor planttyd die onkruid met glifosaat en ander onkruiddoders uit te wis en dan die grond net matig te bewerk voor die nuwe gewas geplant word.

Die uitdagings van snywurmbesigheid in bewaringsbewerking

Piretroïedinsekdoders wat vir die beheer van snywurms geregistreer is, is effektief, maar die wyse waarop dit in bewaringsbewerking toegedien word, is nutteloos. Die

standaardpraktyk is om piretroïedinsekdoders saam met die onkruidodders toe te dien met die hoop om die snywurms baas te raak. Daar is verskeie probleme met die benadering:

1. Piretroïede word onomkeerbaar deur plantreste en bo-grondse kleipartikels geabsorbeer en is dus teenwoordig, maar biologies onbeskikbaar om die snywurms dood te maak.
2. Daar is 'n moontlikheid dat sommige onkruidodders die piretroïede in tenkmengsels kan antagoniseer of inaktiveer, met ander woorde die piretroïede is nutteloos en kan nie die snywurms beheer nie.
3. Digte stande onkruid verhoed dat die piretroïede op die grond land waar hulle snags die snywurms wat dan aktief rondbeweeg, moet beheer.

Dit wys dus daarop dat die huidige praktyke net chemiese insekdoders mors en gevolglik die boer se geld mors. Die volgende praktyke moet ernstig oorweeg word om 'n pandemiese snywurmuitbraak in die komende November te voorkom:

1. Landerye se onkruid moet vroegtydig met die geregistreerde onkruidodders uitgewis word en dit behoort ten minste twee

maande vóór plant te geskied.

2. Daarna behoort die grond ordentlik geskeur te word en plantreste sowel as dooie onkruid moet ingewerk word sodat die anaerobiese kondisies enige verder ontkieming en hergroei van onkruid kan voorkom.
3. Ses weke voor planttyd moet piretroïede aangewend word om die snywurms wat die meganiëse aanslag oorleef het, uit te wis. Logies is dit beter om daardie bespuitings in die vroeë aand te doen wanneer die snywurms kop uitsteek en bo-gronds rondsluip op soek na kos en teelplek.
4. Wees ook daarop bedag dat grond nie totaal droog moet wees of heeltemal verdrink moet wees nie want dit gaan die effektiwiteit van die piretroïede benadeel.

Sommige individue glo dat hoë dosisse piretroïede soos *lambda*-sihalotrien aangewend moet word en dan met oorhoofse besproeiing in die grond ingewas moet word. Dit werk bloot nie omdat grond se kleipartikels die piretroïedmolekules adsorbeer in die heel boonste grondlae en dan is die insekdoders nie as biologies aktiewe molekules beskikbaar om hul werk te doen nie.

Na-plant aanslag op snywurms

Geen voor-plant beheeraksie sal al die



snywurms uitklop nie en dit is te verwagte dat sommige snywurms die boer se planne sal fruik en oorleef. Boere moet dus verkenning doen net nadat die mielies ontkiem het. Die beste metode is om bloot vir 'n sone van 30 cm om die plantry, die grond los te wikkell en vir snywurms te soek. As daar enige snywurms teenwoordig is, moet die boer 'n berekening maak en besluit of chemiese beheer die koste werd is. 'n Wurm of twee gaan beslis nie al die onkoste werd wees nie maar as mens soos verlede November meer as veertig wurms per hektaar waarneem, dan moet jy die peste takel. Snywurmlokaas wat net langs die jong plante aangewend word, is hoogs effektief. Dit is nie werklik nodig om die lokaas in die grond in te werk nie, alhoewel dit raadsaam vir 'n kleinboer met 'n lappie mielies is. Indien die grond 'n goeie vogpersentasie het, kan chemiese middels soos piretroïede reg langs die mielies aangewend word, maar daar word teen standaard oorhoofse bespuiting gewaarsku omdat dit nie die vereiste dosis reg langs die plante sal deponeer nie.

Wees wakker en oplettend

CropLife Suid-Afrika is 'n groot voorstander van voorkomende beheer en dit is nie noodwendig om die peste en plaë vooruit met plaagdoders te behandel nie. Dit is eerder ons filosofie om verkenning en monitoring te doen deur byvoorbeeld net na sonder in nuwe landerye rond te beweeg en te soek na grys en bruin motte. Snywurms, kommandowurms, herfskommandowurms en valskommandowurms is almal *Lepidoptera*, met ander woorde motte of skoenlappers waarvan die larwes die gewasskade aanrig. Skoenlappers is daglewend en hulle is selde plaë, terwyl die klassieke landbouplaë meestal motspesies is wat snags vlieg. Swerms motte wat saans in landerye vlieg behoort enige boer op sy hoede te plaas. Ondersoek die motte, neem goeie foto's met 'n slimfoon en stuur na CropLife SA se hulplyn 082-446-8946 vir identifikasie sodat die aanslag teen die wurmplaag korrek beplan kan word.

Kontak dr Verdoorn: 082-446-8946



Drip Irrigation

Sprinklers

Valves

Filters

Chemical & Fertilizing
Injector pumps

Automation

Perfect Water Management Solutions

sales@agriplas.co.za

www.agriplas.co.za

Centurion: 012 6610340

Mpumalanga: 013 7553510

Cape Town: 021 9177177

